


# AS DIE MYNE AANKLOP

deur Morné Viljoen

**Benewens die Wet op die Ontwikkeling van Minerale en Petroleum Hulpbronne (28 van 2002), in Engels bekend as die Mineral and Petroleum Resources Development Act (*MPRDA*), moet mynmaatskappye ook voldoen aan 'n reeks ander wette wat die impak van mynbou op die omgewing reguleer.**



# DEEL 5

Die Grondwet van Suid-Afrika onderskryf die reg tot "'n omgewing wat nie skadelik vir (...) gesondheid of welsyn is nie". Dit is onmoontlik om 'n volledige lys van die gelysde aktiwiteite ingevolge mynbouwetgewing te verskaf. Hiermee enkeles:

*Nasionale Wet op Omgewingsbestuur (107 van 1998)*

Daar is 148 gelysde aktiwiteite, onder meer:

- opwekking en verspreiding van elektrisiteit
- aktiwiteite wat 'n prospekteer- of mynreg benodig
- verspreiding, vervoer, stoor of behandeling van water, stormwater, riool, afvalwater, en industriële uitskotwater
- die stoor en gebruik van gevaarlike stowwe (bv. brandstof)
- bou van paaie
- bou van damme en reservoirs
- aktiwiteite binne 32 m van waterhulpbronne
- verwydering van plantegroei

*Nasionale Omgewingsbestuur: Wet op Biodiversiteit (10 van 2004)*

- enige impak wat die myn se aktiwiteite op gelysde, beskermde en/of bedreigde spesies gaan hê

*Nasionale Omgewingsbestuur: Wet op Afval (59 van 2008) – sluit gevaarlike afval in*

- stoor en vervoer van afval
- herwinning van afval
- behandeling van afval
- wegdoening van afval
- vergroting of sluiting van afvalinfrastruktuur

*Nasionale Waterwet (36 van 1998)*

- onttrekking van water (bv. uit 'n rivier, dam, boorgat)
- stoor van water (bv. in 'n dam)
- belemmering van die vloei van water in 'n waterweg (bv. die bou van 'n dam in 'n rivier)
- rivierverleggings
- gekontroleerde aktiwiteit:
    - besproeiing met besoedelde water
    - ondergrondse stoor van besoedelde water
    - storting van besoedelde water in 'n waterhulpbron
- wegdoening van afval of besoedelde water op 'n manier wat moontlik 'n waterhulpbron kan besoedel
- wegdoening van industriële afvalwater of water wat in 'n industriële proses verhit is
- verandering van die bodem of walle of eienskappe van 'n waterhulpbron
- verwydering, uitpomp en wegdoening van water ten einde te kan myn

*(BLAAI OM)*

## HET JY GEWEET?

Indien jy 'n appèl aanteken teen 'n lisensie, word die werking van daardie lisensie summier opgeskort.

'n Myn mag nie sonder spesifieke goedkeuring:

- 'n uitskothoop of dam binne die 1:100-vloedlyn, of 100 m vanaf 'n waterhulpbron (rivier, dam, vlei, boorgat of put) oprig of bou nie; en
- enige mynbou- of ander gepaardgaande aktiwiteit uitoefen onder of binne die 1:50-vloedlyn of binne 100 m vanaf 'n waterhulpbron nie.

### Lys van afkortings

Aangesien feitlik alle dokumente, wette en vergaderings deesdae in Engels is, word die Engelse afkortings aangetoon en kortliks in Afrikaans verduidelik.

| AFKORTING | ENGELS | BESKRYWING |
|---|---|---|
| AMD | Acid mine drainage | Suur mynwater wat uit myn kan sypel. |
| AQAI | Air quality impact assessment | Studie wat die (moontlike) impak op luggehalte bepaal. |
| AQMP | Air quality management plan | Luggehalte-bestuursplan. |
| AEL | Atmospheric emissions licence | Lisensie uitgereik ingevolge die Nasionale Omgewingsbestuur: Wet op Luggehalte (39 van 2004). |
| AIS | Alien and invasive species | Uitheemse en indringerspesies. Kan plante of diere wees. |
| BA | Basic assessment | Basiese assessering. 'n Verkorte weergawe van die omgewingsimpakstudie. |
| BID | Background information document | Agtergrondinligtingsdokument. Gewoonlik een van die eerste dokumente wat deur die omgewingskonsultante uitgereik word aan die begin van omgewingsimpakstudies vir 'n nuwe mynbou-aktiwiteit. |
| CA | Competent authority/authorities | Regeringsliggaam wat moet bepaal of 'n lisensie uitgereik moet word. |
| DEA | Department of Environmental Affairs | Departement van Omgewingsake. |
| DMR | Department of Mineral Resources | Departement van Minerale Hulpbronne. Die verantwoordelike department ingevolge die Wet op die Ontwikkeling van Minerale en Petroleum Hulpbronne. Reik die mynreg uit en keur die omgewingsbestuursprogram goed. |
| DSR | Draft scoping report | Konsepverslag waarin die bestek van 'n omgewingsimpakstudie aangedui word. Word uitgereik aan die publiek vir kommentaar. |
| DWS | Department of Water and Sanitation | Departement van Water en Sanitasie<br>Die verantwoordelike department ingevolge die Nasionale Waterwet. Reik waterlisensies uit. |
| EA | Environmental authorisation | Omgewingsmagtiging. |
| EAP | Environmental assessment practitioner | Die onafhanklike persoon wat die omgewingsimpakstudie doen. |
| ECA | Environmental Conservation Act (73 of 1989) | Wet op Omgewingsbeskerming. |
| ECO | Environmental conservation officer | Onafhanklike persoon wat aangestel word om toe te sien dat daar aan die lisensievoorwaardes voldoen word (veral tydens die konstruksiefase). |
| EIA | Environmental impact assessment | Omgewingsimpakstudie. |

| | | |
|---|---|---|
| EIR | Environmental impact report | Verslag wat die bevindinge van die omgewingsimpakstudie bevat. |
| EMP | Environmental management plan | Omgewingsbestuursplan. |
| EMPr | Environmental management programme | Dokument wat aandui hoe die myn se geïdentifiseerde impak op die omgewing bestuur moet word. |
| FSR | Final scoping report | Finale verslag waarin die bestek van 'n omgewingsimpakstudie aangedui word. Die volgende stap is die omgewingsimpakstudie. |
| I & APs | Interested and affected parties | Belanghebbende en geaffekteerde persone. Aan die begin van die omgewingsimpakstudieproses word mense uitgenooi om as belanghebbende en geaffekteerde persone te registreer. |
| IWUL | Integrated water use licence | Geïntegreerde watergebruikslisensie. Meer as een watergebruik word in een lisensie vervat. |
| IWULA | Integrated water use licence application | Aansoek om 'n geïntegreerde watergebruikslisensie. Word gebruik waar daar vir meer as een watergebruik aansoek gedoen word. |
| IWWMP | Integrated water and waste management plan | Plan wat aandui hoe water en afval op die myn bestuur moet word. Maak deel uit van die aansoek om die geïntegreerde watergebruikslisensie . |
| MPRDA | Mineral and Petroleum Resources Development (28 of 2002) | Wet op die Ontwikkeling van Minerale en Petroleum Hulpbronne. |
| MR | Mining right | Mynreg. |
| MRA | Mining right application | Mynreg-aansoek. |
| NEMA | National Environmental Management Act (107 of 1998) | Nasionale Wet op Omgewingsbestuur. |
| NEM:AQA | National Environmental Management: Air Quality Act (39 of 2004) | Nasionale Omgewingsbestuur: Wet op Luggehalte. |
| NEM:BA | National Environmental Management: Biodiversity Act (10 of 2004) | Nasionale Omgewingsbestuur: Wet op Biodiversiteit. |
| NEM:WA | National Environmental Management: Waste Act (59 of 2008) | Nasionale Omgewingsbestuur: Wet op Afval. |
| NHRA | National Heritage Resources Act (25 of 1999) | Wet op Nasionale Erfenishulpbronne. |
| NWA | National Water Act (36 of 1998) | Nasionale Waterwet. Waterlisensies word ingevolge hierdie Wet uitgereik. |
| PCD | Pollution control dam | Dam wat besoedeling beheer. |
| PPP | Public participation process | Openbare deelnameproses. |
| PR | Prospecting right | Prospekteerreg. |
| PRA | Prospecting right application | Aansoek om prospekteerreg. |
| SAHRA | South African Heritage Resources Agency | Suid-Afrikaanse Agentskap vir Erfenishulpbronne. |
| SIA | Social impact assessment | Maatskaplike-impakstudie. |
| SLP | Social and labour plan | Maatskaplike en arbeidsplan. Dui aan wat die myn vir die gemeenskap gaan doen. |
| SPLUMA | Spatial Planning and Land Use Management Act (16 of 2013) | Wet wat handel oor grondgebruik, bv. hersonering. |
| TOPS | Threatened or protected species | Bedreigde en beskermde spesies. |
| WMA | Water management area | Waterbestuursgebied. |
| WML | Waste management licence | Afvalbestuurlisensie. |
| WUL | Water use licence | Watergebruikslisensie. |
| WULA | Water use licence application | Aansoek om watergebruikslisensie. |